


# ONVERDIEND… GOED GENOEG… OF NIE

## Ysbreker

Wanneer voel dit vir jou is jou **verhouding met die Here op 'n goeie plek**?

> As dit geleë is in sekere godsdienstige aktiwiteite en handelinge, of geestelike dissiplines – maak 'n volledige lysie van hierdie sake in die groep.
>
> Waarom help dit om ons verhouding met die Here hieraan te meet en is dissiplines nodig?
>
> Waarom is dit soms juis **gevaarlik** en probeer ons iets daarmee verdien?

## VIDEO

Kyk saam na **die video-snit van Philip Yancey** wat pas by Bybelstudie 2

- Wat het jou aangegryp of wat pla jou van hierdie verhaal?

## Opweg met die Woord: Lees **Lukas 15:1-32**

- Wat het jou opgeval in die lees van die gedeelte?

- Watter ooreenkomste is daar tussen die 3 verhale?

- Watter prentjie het jy van God gehad toe jy groot geword het? Begin jou antwoord met die woorde: "God was vir my…"

- Was **jou ouers voorwaardelik of onvoorwaardelik** lief vir jou? Verduidelik.

- In watter mate hanteer ons mekaar (man, vrou, kinders, vriende, vyande) **voorwaardelike**?

- En **onvoorwaardelik**? (Hoekom is dit so moeilik?)

- Wat leer ons uit die **goeie pa se hantering van sy jongste kind** oor onvoorwaardelike liefde/genade?

- Wat leer ons uit die **goeie pa se hantering van sy oudste kind** oor onvoorwaardelike liefde/genade?

- Met watter een van die 2 broers identifiseer jy die beste – die rebel, wegloper, sondaar wat weet hy maak droog of die goeie voorbeeldige, hardwerkende, gedissiplineerde broer wat net so verlore is?

**'n Moeilike saak**: (What is so Amazing about Grace)

> *"The notion of God's love coming to us free of charge, no strings attached, seems to go against every instinct of humanity. The Buddhist eight-fold path, the Hindu doctrine of karma, the Jewish covenant, and the Muslim code of law – each of these offers a way to earn approval. Only Christianity dares to make God's love unconditional… Grace means there is nothing I can do to make God love me more, and nothing I can do to make God love me less."*

Hoekom is dit vir ons moeilik om te glo in God se onvoorwaardelike liefde vir ons? Of anders gestel: Hoekom probeer ons die heeltyd om sy liefde te verdien?

Genade is 'n geskenk wat God verniet vir ons aanbied. Hoe vat 'n mens dit?

**VIR 'N DIEPER KYK NA JOUSELF :**

- **Waar in jou lewe het die Here genade aan jou bewys juis in 'n tyd van sonde en wegloop?**
- **Wie is die "verlore seuns" in my lewe, gesin, familie, kerk, vriende? Hoe kan ek na hulle uitreik?**
- **Waar in jou lewe het iemand wie jy seer gemaak het genade aan jou betoon, onverdiend?**
- **Plaas die Heilige Gees iemand op jou hart wat jou tenagekom het?**
- **Bid en vra God om jou hart vol te maak met sy genade, juis vir hulle in jou lewe wat dit (volgens jou) nie verdien nie…**